Wapadrant E-NUUS

12 Mei 2022

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM

Matteus 6:10 Laat u koninkryk kom.

www.wapadrant.co.za www.facebook.com/Wapadrant

PREEKROOSTER MEI 2022

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker	Bywoning in ouditorium	Bywoning in saal
15 Mei	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Rassie Smit	350	100
22 Mei	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Amie van Wyk	350	100
26 Mei **Hemelvaart**	Klassiek	**18:30**	Peet Vermeulen	350	100
29 Mei **Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Kontemporêr	**08:30**	Johannes Aucamp	350	100

VERSLAPPING VAN COVID REGULASIES

Toegang by alle deure.

Lidmate kan nou enige plek sit.

Getalle nog beperk tot 350 in kerk en 100 in saal.

Dra van maskers en sanitering by deure bly verpligtend

08:30 Erediens

"Facebook"
https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube"
https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

NEEM ASB KENNIS

- **Seniorbediening** verkoop elke Sondag roomys – ondersteun hul asb.
- **Bybelstudie vir senior lidmate** vind Dinsdae om 09:00 in die konsistorie plaas.
- **Bybelstudie vir manne:** Woensdae om 05:30 in kerkgebou.

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir:

- Familie en vriende van Diny Verbeek (89 jr). Diny is Woensdag oorlede.

- Hans Lensink wat 'n prosedure ondergaan het.
- Frikkie en Hettie Venter. Hettie is ernstig siek.
- Tarien Prinsloo wat gister 'n operasie in Eugene Marais hospitaal ondergaan het.
- Hennie Venter wat volgende week 'n knie operasie ondergaan.
- Willem van Wyk wat in Wilgers hospitaal is vir behandeling.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

Baie geluk aan:

- Johan en Erika du Plessis met die geboorte van hul 2de kleinkind, asook aan Anne Marie du Plessis en Nap en Hester Ries wat die trotse oupagrootjie en oumagrootjies is.

SUNRISE NPO - NASKOOLSENTRUM

Die Naskool benodig <u>dringend</u> vrywilligers om skooldae ongeveer tussen 12:00 en 14:00 gedurende die termyn die naskoolkinders by Laerskool Garsfontein te gaan haal. Die kerk se kombi word vir dié doel gebruik.

Dit kan op 'n aflosbasis gedoen word indien daar meer as een persoon homself/haarself beskikbaar stel vir hierdie takie.

Kontak die kerkkantoor by 012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za

JEUGBEDIENING - MUSIEKSPAN

Die Jeugbediening wil 'n jeugmusiekspan op die been bring om Sondagoggende by die jeuggroepbyeenkomste die lofprysing aan te bied.

Vir die doel is ons op soek na kinders wat bv. kitaar of enige ander draagbare musiekinstrument kan speel.
Kontak Errol by jeug@gkwapadrant.co.za / 012 991 6596

SANBS SÊ BAIE DANKIE!

SANBS bedank die 14 skenkers wat Sondag bloed geskenk het. Hul waardeer die opreg!

SANBS
South African National Blood Service
NPO Number: 049066NPO
NPC Registration No. 2000/026390/08

VREUGDEFEES – 28 & 29 MEI 2022 (Gemeente verjaarsdag)

Dankbaarheid noop ons om fees te vier – fees vir die seëninge wat ons van die Here ontvang. Watter beter geleentheid dan as om die gemeente se verjaarsdag met 'n *Vreugdefees* te vier!

Hierdie fees lê ons baie na aan die hart. Met hierdie fees wil ons God dank vir die 39ste verjaarsdag van die gemeente, maar ons wil ook ons vreugde en dankbaarheid laat vloei na ander.

Om hierdie rede, het die Vreugdefees van 28 en 29 Mei nie fondsinsameling ten doel nie, maar uitreik, uitbou en opbou van ander.

Die Vreugdefees stalletjies by die basaar op 28 Mei (08:00 tot laat) word gratis aan lidmate aangebied. Dit word anders bedryf as in die verlede en bied die geleentheid om met jou talente te woeker. Die inkomste van elke stalletjie kan aangewend word soos jy wil. Jy kan jou kostes daaruit dek en die opbrengs (of 'n gedeelte daarvan) skenk aan liefdadigheid/verdienstelike saak van jou keuse (bv. Jeugbediening, SunRise, Paul Junknickel tehuis, ens). 'n Lys van stalletjies is op die kennisgewing aangebring.

Daar is ook nog stalletjies wat hulp benodig – skryf jou naam op indien jy hiermee behulpsaam kan wees.

Inskrywings vir stalletjie en potjies sluit op 16 Mei sodat ons voldoende tyd het om die terreinplan te finaliseer.

Die stalletjies wat reeds by die basaar (28 Mei) beskikbaar gaan wees sluit in:

Animal Touch
Rainbow Trout
Beet Blatjang
Hout, Brikette en Blitz
Fudge
Koeldrank
Lily
Pap en kaiings
Sampioene
Skilpadjies
Skyfskiet
Trapkarretjies
Veiling
Wit Olifante
Look alike kompetisie
Wally and Sally
Binnenshuise versieringsitems
Deurmatjies
Handgemaakte penne
Koffie en Tee
Oorbelle
Plante
Radiobeheerde karretjies
Skoon afval
Speserye
Tuisgebak
Vleis en beskuit
Wood Art
Grondboontjiebotter
Sandart & Allerlei
Boeresport
Die Tollenaar
Prawn) & pork belly
LapMoi
Pannekoek
Poeding
Servette en handdoekrolle
Handgemaakte items
Spookasem
Vars blomme en Proteas
Vrolik Vroulik
Worsbroodjies
Plaasstal (met groente, tuisgebakte brood, botter, heuning, granate, droë vrugte, groente, ingelegde produkte, kaas ens).

Die hoogtepunt van die dag is die potjiekompetisie.

Potte kan reeds van **07:00** af begin word.

Alle potte moet teen **12:00** gaar wees sodat beoordeling kan begin.

Potmakers maak hul eie bykosse en bring 'n bordjie netjies opgedis na die beoordelaars-tafel toe.

Na afloop van die beoordeling kan die inhoud van die potte verkoop word.

Indien jy net 'n lekker saamkuier-pot wil maak, staan dit jou vry. Jy (en jou kleingroep) kan self jou pot verorber.

Daar is nog baie wat jy kan doen om te help. Ons benodig ook verskeie skenkings: Wit olifante, koue/warm poedings, meel, eiers, suiker, kaneel, pannekoekdeeg, tuisgebak, handgemaakte items en nog meer. Dui asb. op die lyste aan indien jy hiermee behulpsaam kan wees. Skenkings kan in die saal gelaat word.

Ons sit die fees voort op **Sondag 29 Mei**. Na die **gesamentlike erediens om 08:30,** kan jy 'n heerlike verjaarsdag-verrassing kry in die saal. Maak dus seker dat jy jou soettand slyp.

Teen **11:00** sal die gebraaide hoenders gaar wees en kan ons begin opskep.

Pak jou piekniekmandjie met eie eetgerei en borde en geniet die maaltyd saam met ons. Onthou ook **houers** vir die gaar hoender, slaai en rolletjies saam te bring.

Kaartjies is op 15 en 22 Mei tussen die eredienste in die saal beskikbaar. Daar is twee opsies.

- **Opsie 1** Bestaan uit 'n halwe hoender, slaai vir 2 en 2 broodrolletjies @R75.
- **Opsie 2** Bestaan uit 'n hele hoender, slaai vir 4 en 4 broodrolletjies @R150.

Kaartjies <u>MOET</u> vooraf gekoop word sodat ons weet vir hoeveel mense om voor te berei.

Kom deel in ons vreugde!
Feesgroete, Die reëlingskomitee

*Kolossense 2:6-7: Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met **dankbaarheid** vervul.*

STADSBOUER-INISIATIEF